# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

=========================

THURSDAY, 24 NOVEMBER 2022

1. The House met at 10:00.

2. The Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [10:02] The Speaker made a general announcement regarding the sitting of the Western Cape Provincial Parliament in accordance with Rule 1A of the Standing Rules pertaining to Members in remote attendance by electronic means.

4. [10:04] The Acting Chief Whip of the Majority Party (Ms D M Baartman moved: That, notwithstanding the provisions of Rule 18, the hours of sitting on Thursday, 24 November 2022 shall be:10:00 to adjournment.

   Agreed to.

5. [10:05] The Acting Chief Whip of the Majority Party (Ms D M Baartman) moved: That, notwithstanding the provisions of Rule 20(1), the sequence of proceedings for Thursday, 24 November 2022 shall be:

   Motion;
   Municipal Economic Review and Outlook – MERO;
   Orders of the Day
   Introduction and First Reading – Western Cape Adjustment Appropriation Bill and the Medium-Term Budget Policy Statement (MTBPS);
   Questions;
   Statements by Members;
   Motions (Continued); and
   Orders of the Day (Continued)

   Agreed to.

6. [10:06] Ms M L Maseko moved: That the House, owing to the withdrawal on 22 September 2022 of the Deputy Speaker from the Appeals Committee established by the Code of Conduct for Members of the Western Cape Provincial Parliament for the duration of the appeals process involving the Speaker, hereby appoints the Honourable Gillion Bosman to serve on the Appeals Committee for the current appeals process involving the Speaker.

   Agreed to.

7. [10:19] MUNICIPAL ECONOMIC REVIEW AND OUTLOOK

Municipal Economic Review and Outlook – Ms M M Wenger, Minister of Finance and Economic Opportunities.

The Municipal Economic Review and Outlook was referred to the relevant committee for consideration.

8. [10:34] FIRST ORDER

Introduction and First Reading – Western Cape Adjustments Appropriation Bill [B 3-2022] and the Medium-Term Budget Policy Statement (MTBPS).

The Minister of Finance delivered her speech and introduce the Western Cape Adjustments Appropriation Bill [B 3–2022] and the Medium-Term Budget Policy Statement (MTBPS).

Bill read a first time.

The introductory speech, the Bill and all the papers tabled were referred to the relevant committees for consideration and reporting.

9. [11:06] Questions.

10. [12:22] Statements by Members.

11. [12:34] The Deputy Speaker announced that the vacancy in the representation of the Democratic Alliance in the Western Cape Provincial Parliament has been filled by the nomination of Mr I Sileku with effect from 24 November 2022. Hon Member Sileku had taken the oath in the Speaker's office on 24 November 2022.

12. [12:36] Response to statements by Members by Ms M M Wenger, Minister of Finance and Economic Opportunities and Mr R I Allen, Minister of Police Oversight and Community Safety.

13. [13:00] Motions with Notice *(in accordance with Standing Rule 151).*

The Speaker made an announcement in accordance with the new Standing Rule 151, all Notices of Motion by Members are required to be delivered to the Secretary for placing on the Order Paper. These motions, duly submitted, will be published on the Order Paper.

14. [13:08] Motions without Notice *(in accordance with Standing Rule 150).*

15. Ms C Murray moved without notice: That the House congratulates Pick n Pay for adopting bitcoin payments at its retail stores; notes that this follows a recent trial that occurred at 29 of its stores in the Western Cape; notes that, not only is this an innovative step towards ensuring financial inclusion, but it is also an important development in achieving a cashless society; and we look forward to them pioneering in this regard.

Agreed to.

16. Mr A P van der Westhuizen moved without notice: That the House commends the efforts by the agricultural sector and related role players in the Western Cape for maintaining peace and calm on farms across the province despite the worrying attempts by certain individuals to incite discord on Wednesday 2 November 2022 in commemoration of the tenth anniversary of the farm worker strikes of November 2012.

Agreed to.

17. Mr D America moved without notice: That the House congratulates firefighters from the City of Cape Town, the Cape Winelands District Municipality and CapeNature for extinguishing two potentially disastrous veld fires in the Du Toitskloof Pass and on Table Mountain over the last month; notes that their rapid and efficient responses demonstrate that the Western Cape is prepared for the summer fire season; and they should be commended.

Agreed to.

18. Ms W F Kaizer-Philander moved without notice: That the House congratulates the Groote Schuur Hospital for prioritising the mental health of its staff; notes that, on 1 November Minister Mbombo officially opened their Wellness Centre, which houses several facilities, such as a gym, a yoga class and a meditation room; notes that all-in-all this centre will be accessible to more than 4 000 staff members; and notes that, by taking care of our healthcare workers, we take care of our patients.

Agreed to.

19. Mr G Bosman moved without notice: That the House sends its condolences to the family of the retired Cape Town Netball Federation President Marsha Wagenaar, who passed away after a short illness on 29 October; notes that, with dedication and professionalism, Wagenaar worked to promote netball in the Western Cape for many years and inspired countless young athletes to excel in their disciplines; and acknowledges her loss and will hold her memory in mind as Cape Town hosts netball's premier event next year.

Agreed to.

20. Mr G Bosman moved without notice: That the House congratulates Mr Ernest Mnyaka, a petrol attendant and poet from Malmesbury, who recently published his first volume of Xhosa poetry, *Waphela Umda kaLoval* (*The end of the road for a thug*); notes that Mnyaka's poetry reflects on his experiences in prison and his previous life of crime, and acts as a commitment to build a new life; notes that Mnyaka acts as a true example of the restorative power of the written word; and wishes him great success in his future endeavours.

Agreed to.

21. Mr G Bosman moved without notice: That the House congratulates the winners of the recent Western Cape Cultural Affairs Awards and Western Cape Sports Awards, which were held in October this year; notes that the winners of these awards are living examples of the incredible dedication and talent present in the Western Cape's cultural and sporting sectors; notes the sectors' heartening progress in recovering from COVID-19; and commends all the winners.

Agreed to.

22. Ms P Z Lekker moved without notice: That the House notes with deep sadness the untimely passing away of Comrades Mustapha Isaacs from ward 116 in Mitchells Plain; notes that the Comrade passed away peacefully in his sleep; notes that he will be remembered for his selfless service and dedication to the ANC and to the community; may his soul rest in peace and may his friends find comfort.

Agreed to.

23. Mr M Kama moved without notice: That the House notes with deep sadness the passing away of legendary netball veteran, Marsha Wagenaar, who died recently after suffering a severe stroke; and notes that "Tannie" Marsha was a retired Cape Town Netball Federation President and a former Acting Principal at the Cavalleria Primary School in Kraaifontein.

    Agreed to.

24. Mr C M Dugmore moved without notice: That the House congratulates Brazil's newly elected President, Luiz Inácio Lula da Silva; notes that Da Silva won Brazil's election with 50,9% of the vote; and South Africa is looking forward to working with the government of Brazil under his leadership.

    Agreed to.

25. Mr M Kama moved without notice: That the House congratulates King Misuzulu kaZwelithini on his coronation; and notes that he was officially made King of the AmaZulu after a long battle for the

    Agreed to.

26. Mr K Brinkhuis moved without notice: That the House notes that the University of Stellenbosch will award the degree Doctor of Philosophy (DPhil) *honoris causa* to Ms Zubeida Jaffer; further notes that this award-winning journalist is from Wynberg; recognises that she is one of five distinguished individuals to receive this highest accolade from the Stellenbosch University at the 2022 graduation ceremony; further recognises that she started her career at the *Cape Times* daily newspaper in 1980; acknowledges her role as a black journalist often arrested and tortured for writing about the brutality of the apartheid system; further acknowledges that, despite the security risks, she assisted in developing local-community newspapers, such as *Grassroots*, during the anti-apartheid struggle; recognises that she was also the founding editor of Independent Newspapers' Parliamentary Bureau, serving 14 newspapers across South Africa; further recognises that she was the first woman in Africa to have won the coveted Foreign Journalist Award from the National Association of Black Journalists in the United States; acknowledges that her work has earned her several local and international awards, including the Achiever Award from a leading Cape Town community newspaper, *Muslim Views*; further acknowledges that she is also an author of several books and her own memoirs; and congratulates Ms Zubeida Jaffer.

    Agreed to.

27. Ms N Makamba-Botya moved without notice: That the House calls on the Western Cape Department of Social Development to extend its Sanitary Dignity Programme beyond only school learners; notes that the Department can achieve this through sponsoring and working with non-government organisations that are already involved in such projects; further notes that the Department's current programme for learners should be applauded but it can be expanded to reach even more needy women, especially in townships, informal settlements and rural areas.

    Agreed to.

28. Mr G Bosman moved without notice: That the House notes the exceptional achievements of two of the Western Cape's finest actors who have exemplified the highest standards of our province's cultural sector and demonstrated their talent on the world stage; notes that 11-year-old Caleb Payne was recently honoured with a Youth Artist Academy Award in the category of Feature Film Leading Youth Artist for his role in the 2021 film *Good Life*; notes that this is the first time any South African has won this award and that it places Caleb in the

auspicious company of previous winners, such as Julia Roberts, Leonardo DiCaprio and Zendaya; notes that, at the same time, renowned actress Kim Engelbrecht has been nominated for an international Emmy award for her work on the locally produced series *Reyka*, for which she has already won a SAFTA award; commends these artists from our province on their achievements and their representation of our country on the world stage; and wishes them well in their future endeavours.

Agreed to.

29. Mr A P van der Westhuizen moved without notice: That the House welcomes the Vredendal Regional Court’s fining of three Saudi nationals R2 million for illegally harvesting a large quantity of flora without documentation; notes that the trio, who were also found guilty of money laundering and were ordered to leave South Africa, admitted in court that they had travelled to the country with the sole purpose of acquiring the flora and exporting it to their home country; recognises that this recent incident highlights the fact that plant poaching is not simply a petty crime, but forms part of an intricate international web of syndicates dedicated to the theft of our natural heritage; and requests that Minister Barbara Creecy and the national Department of the Environment, Forestry and Fisheries provide support in the form of funding and engage with her counterparts in law enforcement to provide urgent support to stamp out this criminality.

Agreed to.

30. Mr R D Mackenzie moved without notice: That the House notes the passing away of Graham Power who was the founder and chairperson of the Power Group; notes that, throughout his life, Mr Power made great strides as a formidable business leader in the fields of civil engineering and construction; notes that he also won many awards and had received various honours from the City of Cape Town for his efforts to help transform our society; and his family and loved ones will remain in our thoughts.

Agreed to.

31. Mr R D Mackenzie moved without notice: That the House commends the Western Cape Government and City of Cape Town on the jointly developed Human Settlements Project in Mitchells Plain; and recognises the Western Cape Government’s ongoing commitment to accelerate Mitchells Plain’s housing delivery while fostering social inclusion by creating integrated and sustainable human settlements in an open-opportunity society.

Agreed to.

32. Ms D M Baartman moved without notice: That the House notes that the Beaufort West district library burned down last week, which contained the historical archives of many families in the municipality; notes that many children in the area relied on these books not only for their academic ambitions or to remember their history, but to escape into different worlds and adventures, to meet new people and to explore places we only ever see on the big cinematic screen; notes that it is still unclear what the cause of the fire was and calls on the local municipality and relevant law enforcement agencies to investigate this matter speedily; and expresses deepest sympathy with the people of Beaufort West and, despite this set-back, we must rebuild Beaufort West.

Agreed to.

33. Ms D M Baartman moved without notice**:** That the House commends the Western Cape Minister of Health for opening the new Bergsig Mental Health Ward at the Nelspoort Hospital on Monday 7 November; notes that Nelspoort is located approximately 50 km north-east of Beaufort West; notes that the Nelspoort Hospital is classified as an intermediate care facility and that it has both TB and psychiatric beds; notes that the total project cost was estimated at R18,6 million, which allowed for the renovation of the existing wards, Bergsig, Omega and Lusthof, and for improving the environment of care for current mental healthcare operational requirements; notes that the total area renovated is about 3 740 square metres; notes that the Bergsig ward has been completed and the estimated date of completion for the Omega and Lusthof wards is January 2023; and thanks the Department of Health for investing in infrastructure for the people in our rural constituencies and for caring deeply about Nelspoort.

    Agreed to.

34. Ms L M Maseko moved without notice: That the House welcomes the signing of a Memorandum of Intention between the Western Cape Provincial Parliament and the Bavaria State Parliament; notes that this document will allow greater exchange about parliamentary best practices so that both institutions can enhance their roles as legislators and while executing oversight work; notes that, by building partnerships with different stakeholders, our efforts are strengthened to further whole-of-society approaches going forward.

    Agreed to.

35. [13:33] SECOND ORDER

    Consideration of report of the Standing Committee on Agriculture, Environmental Affairs and Development Planning on the Sectional Titles Amendment Bill [B 31B–2020] (NCOP), dated 9 September 2022 (see Announcements, Tablings and Committee Reports, no 100, dated 9 September 2022, p 411). (Ratification of final mandate.)

    Declarations of vote made on behalf of the ANC, Al Jama-ah and DA.

    Question put: That the Report of the Standing Committee on Agriculture, Environmental Affairs and Development Planning on the Sectional Titles Amendment Bill [B 31B–2020] (NCOP) be adopted.

    Question agreed to.

    The Report accordingly adopted.

    The mandate conferring authority on the Western Cape Provincial Parliament's delegation in the NCOP to support the Bill was ratified.

36. [13:41] SECOND ORDER

    Consideration of report of the Standing Committee on the Premier and Constitutional Matters on its oversight visit to Wi-Fi sites at the Centre for E-Innovation (CE-1) office (4 Dorp Street) and Groote Schuur Hospital on 27 July 2022 (see Announcements, Tablings and Committee Reports, no 102, dated 13 September 2022, p 415).

    Declarations of vote made on behalf of the ANC, Al Jama-ah and DA.

    Question put: That the Report of the Standing Committee on the Premier and Constitutional Matters be adopted.

    Question agreed to.

The Report accordingly adopted.

37. The House adjourned at 13:45.

Digitally signed by Romeo Adams
Date: 2022.12.05 07:37:21 +02'00'

ROMEO ADAMS
Secretary to Provincial Parliament

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

=========================

DONDERDAG, 24 NOVEMBER 2022

1. Die Huis kom om 10:00 byeen.

2. Die Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [10:02] Die Speaker doen ’n algemene aankondiging met betrekking tot die sitting van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement in ooreenstemming met Reël 1A van die Staande Reëls van toepassing op Lede wat op afstand teenwoordig is met behulp van elektroniese middele.

4. [10:04] Die Waarnemende Hoofsweep van die meerderheidsparty (me D M Baartman) stel voor: Dat, ondanks die bepalings van Reël 18, die sittingsure op Donderdag, 24 November 2022, soos volg is: 10:00 tot verdaging.

   Goedgekeur.

5. [10:05] Die Waarnemende Hoofsweep van die Meerderheidsparty (me D M Baartman) stel voor: Dat, ondanks die bepalings van reël 20 (1), is die volgorde van verrigtinge vandag, 24 November 2022:

   Voorstel;
   Munisipale Ekonomiese Oorsig en Vooruitskouing – MERO;
   Dagorders;
   Indiening en Eerste Lesing – Wes-Kaapse Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp en Mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring (MTBPS);
   Vrae;
   Verklarings deur lede;
   Voorstelle sonder kennisgewing; en
   Dagorders (Vervolg).

   Goedgekeur.

6. [10:06] Me M L Maseko stel voor: Dat die Huis, vanweë die Adjunkspeaker se onttrekking van die Appèl-komitee op 22 September 2022 wat kragtens die Gedragskode vir die Lede van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement tot stand gekom het vir die duur van die appèlproses waarby die Speaker betrokke is, hiermee agbare Gillion Bosman aanstel om in die Appèlkomitee te dien vir die huidige appèlproses waarby die Speaker betrokke is.

   Goedgekeur.

7. [10:19] MUNISIPALE EKONOMIESE OORSIG EN VOORUITSKOUING

Munisipale ekonomiese oorsig en vooruitskouing – Me M M Wenger, Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede.

Die munisipale ekonomiese oorsig en vooruitskouing word na die tersaaklike komitee vir oorweging verwys.

8. [10:34] EERSTE ORDER

Indiening en Eerste Lesing – Wes-Kaapse Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp [W 3–2022] en Mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring (MTBPS)

Die Minister van Finansies lewer haar toespraak om die Wes-Kaapse Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp [W 3–2022] in te dien.

Wetsontwerp vir die eerste maal gelees.

Die indieningstoespraak, die Wetsontwerp en al die dokumente wat ter tafel gelê is, word na die tersaaklike komitees vir oorweging en verslagdoening verwys.

9. [11:06] Vrae.

10. [12:22] Verklarings deur Lede.

11. [12:34] Die Adjunkspeaker kondig aan dat die vakature in die verteenwoordiging van die Demokratiese Alliansie in die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement gevul is met die benoeming van mnr I Sileku met ingang 24 November 2022. Agb Lid Sileku het op 24 November 2022 die eed in die kantoor van die Speaker afgelê.

12. [12:36] Reaksie op verklarings deur Lede deur me M M Wenger, Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede en mnr R I Allen**,** Minister van Polisietoesig en Gemeenskapsveiligheid.

13. [13:00] Voorstelle met kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 151).*

Die Speaker doen ŉ aankondiging ooreenkomstig die nuwe Staande Reël 151 dat daar vereis word dat alle voorstelle met kennisgewing deur Lede by die Sekretaris ingedien moet word om op die Ordelys geplaas te word. Hierdie voorstelle, behoorlik ingedien, sal op die Ordelys gepubliseer word.

14. [13:08] Voorstelle sonder kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 150).*

15. Me C Murray stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Pick n Pay gelukwens met hul aanvaarding van betalings in bismunt ("bitcoin") by sy kleinhandelswinkels; kennis neem dat dit volg op ŉ onlangse proeflopie by 29 van sy winkels in die Wes-Kaap; kennis neem dat dit nie net ŉ innoverende stap is om finansiële insluiting te verseker nie, maar dit ook ŉ belangrike ontwikkeling in die behaling van ŉ kontantlose samelewing is; en ons sien uit na die baanbrekerswerk wat in hierdie verband gedoen word.

Goedgekeur.

16. Mnr A P van der Westhuizen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die pogings van die landbousektor en verwante rolspelers in die Wes-Kaap aanprys om vrede en kalmte op plase regoor die provinsie te handhaaf ondanks kommerwekkende pogings van sekere individue om onenigheid op Woensdag 2 November 2022 aan te wakker ter herinnering van die tiende herdenking van die plaaswerkerstakings van November 2012.

Goedgekeur.

17. Mnr D America stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis brandbestryders van die Stad Kaapstad, die Kaapse Wynland-distriksmunisipaliteit en CapeNature gelukwens met die blus van twee moontlike rampspoedige veldbrande in die Du Toitskloofpas en op Tafelberg die afgelope maand; kennis neem dat hul vinnige en doeltreffende reaksie aantoon dat die Wes-Kaap voorbereid is vir die somerbrandseisoen; en hulle moet hiervoor aangeprys word.

Goedgekeur.

18. Me W F Kaizer-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Groote Schuur-hospitaal gelukwens met die prioritisering van die geestesgesondheid van sy personeel; kennis neem dat Minister Mbombo op 1 November hul Welstandsentrum, wat verskeie fasiliteite huisves, soos ŉ gimnasium, ŉ jogaklas en ŉ meditasielokaal, amptelik geopen het; kennis neem dat hierdie sentrum altesaam vir meer as 4 000 personeellede toeganklik sal wees; en kennis neem dat, deur vir ons gesondheidsorgwerkers te sorg, ons vir ons pasiënte sorg.

Goedgekeur.

19. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy meegevoel betuig met die familie van die afgetrede President van die Kaapstadse Netbalfederasie, Marsha Wagenaar, wat ná ŉ kort siekbed op 29 Oktober oorlede is; kennis neem dat Wagenaar jare lank met toewyding en professionaliteit gewerk het om netbal in die Wes-Kaap te bevorder en talle jong atlete geïnspireer het om in hul dissiplines uit te blink; en erkenning gee aan hierdie verlies en haar in herinnering sal hou wanneer Kaapstad volgende jaar netbal se grootste byeenkoms aanbied.

Goedgekeur.

20. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis mnr Ernest Mnyaka, 'n petroljoggie en digter van Malmesbury, gelukwens met die onlangs publikasie van sy eerste bundel Xhosa-poësie, *Waphela Umda kaLoval* (*Die einde van die pad vir ŉ boef*); kennis neem dat Mnyaka se poësie sy ervarings in die tronk en tydens sy vorige lewe van misdaad weerspieël, en as ŉ verbintenis tot die bou van ŉ nuwe lewe dien; kennis neem dat Mnyaka as ŉ ware voorbeeld van die herstellende krag van die geskrewe woord dien; en hom groot sukses met sy toekomsplanne toewens.

Goedgekeur.

21. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die wenners van die onlangse Wes-Kaapse Kultuursake-toekennings en Wes-Kaapse Sporttoekennings, wat in Oktober vanjaar gehou is, gelukwens; kennis neem dat die wenners van hierdie toekennings lewende voorbeelde is van die ongelooflike toewyding en talent wat in die Wes-Kaap se kultuur- en sportsektor teenwoordig is; kennis neem van die sektore se bemoedigende vordering met hul herstel ná COVID-19; en al die wenners aanprys.

Goedgekeur.

22. Me P Z Lekker stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die voortydige dood van kameraad Mustapha Isaacs van wyk 116 in Mitchells Plain; kennis neem dat die kameraad vreedsaam in sy slaap oorlede is; kennis neem dat hy onthou sal word vir sy onbaatsugtige diens en toewyding aan die ANC en aan die gemeenskap; mag sy siel in vrede rus en mag sy vriende vertroosting vind.

Goedgekeur.

23. Mnr M Kama stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van die legendariese netbalveteraan, Marsha Wagenaar, wat onlangs ná ŉ ernstige beroerte gesterf het; en kennis neem op dat “tannie” Marsha ŉ afgetrede President van die Kaapstadse Netbalfederasie en ŉ voormalige Waarnemende Hoof van die Laerskool Cavalleria in Kraaifontein was.

Goedgekeur.

24. Mnr C M Dugmore stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Brasilië se nuutverkose President, Luiz Inácio Lula da Silva, gelukwens; kennis neem dat Da Silva Brasilië se verkiesing gewen het met 50,9% van die stemme; en Suid-Afrika sien daarna uit om saam met die regering van Brasilië onder sy leiding saam te werk.

Goedgekeur.

25. Mnr M Kama stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis koning Misuzulu kaZwelithini met sy kroning gelukwens; en kennis neem dat hy amptelik koning van die AmaZulu geword het ná ŉ lang stryd om die troon.

Goedgekeur.

26. Mnr K Brinkhuis stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die Universiteit van Stellenbosch die graad Doktor in Filosofie (DPhil) *honoris causa* aan Zubeida Jaffer sal toeken; verder kennis neem dat hierdie bekroonde joernalis van Wynberg is; verder kennis neem dat sy een van vyf vooraanstaande individue is wat hierdie hoogste toekenning van die Universiteit van Stellenbosch by die 2022-gradeplegtigheid sal ontvang; verder daaraan erkenning gee dat sy haar loopbaan in 1980 by die dagblad *Cape Times* begin het; erkenning gee aan haar rol as ŉ swart joernalis wat dikwels in hegtenis geneem en gemartel is, omdat sy oor die brutaliteit van die apartheidstelsel geskryf het; verder daaraan erkenning gee dat sy, ten spyte van die veiligheidsrisiko’s, gehelp het met die ontwikkeling van plaaslikegemeenskapskoerante, soos *Grassroots*, tydens die anti-apartheidstryd; daaraan erkenning gee dat sy ook die stigtersredakteur van Independent Newspapers se Parlementêre Buro was, wat 14 koerante regoor Suid-Afrika bedien het; verder daaraan erkenning gee dat sy die eerste vrou in Afrika was wat die gesogte Buitelandse Joernalis-toekenning van die Nasionale Vereniging van Swart Joernaliste van die Verenigde State ontvang het; daaraan erkenning gee dat haar werk verskeie plaaslike en internasionale toekennings aan haar besorg het, insluitend die Presteerder-toekenning van ŉ vooraanstaande Kaapstadse gemeenskapskoerant, *Muslim Views*; verder daaraan erkenning gee dat sy ook die skrywer van verskeie boeke en haar eie memoires is; en me Zubeida Jaffer gelukwens.

Goedgekeur.

27. Me N Makamba-Botya stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis ŉ beroep op die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling doen om sy Sanitêrewaardigheidsprogram verder as net skoolleerders uit te brei; kennis neem dat die Departement dit kan bereik deur borge te kry en met nieregeringsorganisasies saam te werk wat reeds by sulke projekte betrokke is; verder kennis neem dat die Departement se huidige program vir leerders aangeprys moet word, maar dat dit uitgebrei kan word om selfs meer behoeftige vroue, veral in townships, informele nedersettings en landelike gebiede, te bereik.

Goedgekeur.

28. Mnr G Bosman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die uitsonderlike prestasies van twee van die Wes-Kaap se beste akteurs wat die hoogste standaarde van ons provinsie se kultuursektor beliggaam het en hul talent op die wêreldverhoog gewys het; kennis neem dat die 11-jarige Caleb Payne onlangs vereer is met

ʼn Jeugkunstenaar-Academy-toekenning in die kategorie Speelfilm Hoofjeugkunstenaar vir sy rol in die 2021-rolprent *Good Life*; kennis neem dat dit die eerste keer is dat enige Suid-Afrikaner hierdie toekenning wen en dat dit Caleb in die uitgelese geselskap van vorige wenners, soos Julia Roberts, Leonardo DiCaprio en Zendaya, plaas; kennis neem dat die bekende aktrise Kim Engelbrecht terselfdertyd vir ʼn internasionale Emmy-toekenning benoem is vir haar werk aan die plaaslik vervaardigde reeks *Reyka*, waarvoor sy reeds ʼn SAFTA-toekenning gewen het; hierdie kunstenaars van ons provinsie aanprys vir hul prestasies en vir hul verteenwoordiging van ons land op die wêreldverhoog; en hulle sterkte toewens met hul toekomsplanne.

Goedgekeur.

29. Mnr A P van der Westhuizen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Vredendal-streekhof se beboeting van drie Saoedi-burgers met R2 miljoen vir die onwettige oes van ʼn groot hoeveelheid flora sonder dokumentasie verwelkom; kennis neem dat die drietal, wat ook skuldig bevind is aan geldwassery en beveel is om Suid-Afrika te verlaat, in die hof erken het dat hulle na die land gereis het met die uitsluitlike doel om die flora te bekom en na hul tuisland uit te voer; daaraan erkenning gee dat hierdie onlangse voorval die feit beklemtoon dat plantstropery nie bloot ʼn klein misdaad is nie, maar deel vorm van ʼn komplekse internasionale web van sindikate wat ingestel is op die diefstal van ons natuurlike erfenis; en versoek dat Minister Barbara Creecy en die nasionale Departement van die Omgewing, Bosbou en Visserye ondersteuning verskaf in die vorm van befondsing en met haar eweknieë in wetstoepassing skakel om dringende ondersteuning te verskaf om hierdie misdadigheid uit te roei.

Goedgekeur.

30. Mnr R D Mackenzie stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die dood van Graham Power, die stigter en voorsitter van die Power Group; kennis neem dat, regdeur sy lewe, mnr Power as ʼn gerekende sakeleier reusevooruitgang gemaak het op die gebied van siviele ingenieurswese en konstruksie; kennis neem dat hy ook talle toekennings gewen het en verskillende eerbewyse van die Stad Kaapstad ontvang het vir sy pogings om te help om ons samelewing te transformeer; en sy familie en geliefdes voortdurend in ons gedagtes hou.

Goedgekeur.

31. Mnr R D Mackenzie stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Wes-Kaapse Regering en die Stad Kaapstad aanprys vir die gesamentlik ontwikkelde Menslikenedersettingsprojek in Mitchells Plain; en erkenning gee aan die Wes-Kaapse Regering se voortgesette verbintenis om Mitchells Plain se behuisingsverskaffing te versnel, terwyl sosiale insluiting aangemoedig word deur die skepping van geïntegreerde en volhoubare menslike nedersettings in ʼn oopgeleentheidsamelewing.

Goedgekeur.

32. Me D M Baartman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die Beaufort-Wes-distriksbiblioteek verlede week afgebrand het, wat die historiese argiewe van baie gesinne in die munisipaliteit bevat het; kennis neem dat baie kinders in die gebied nie net op hierdie boeke staatgemaak het vir hul akademiese ambisies of om hul geskiedenis te onthou nie, maar om na verskillende wêrelde en avonture te ontsnap, om nuwe mense te ontmoet en om plekke te verken wat ons net op die groot rolprentskerm sien; kennis neem dat dit nog onduidelik is wat die oorsaak van die brand was, en ʼn beroep op die plaaslike munisipaliteit en tersaaklike wetstoepassingsagentskappe doen om hierdie aangeleentheid

spoedig te ondersoek; en innige simpatie betuig met die mense van Beaufort-Wes en, ten spyte van hierdie terugslag, moet ons Beaufort-Wes herbou.

Goedgekeur.

33. Me D M Baartman stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Wes-Kaapse Minister van Gesondheid aanprys vir die opening op Maandag 7 November van die nuwe Bergsig-geestesgesondheidsaal by die Nelspoort-hospitaal; kennis neem dat Nelspoort ongeveer 50 km noordoos van Beaufort-Wes geleë is; kennis neem dat die Nelspoort-hospitaal as ŉ intermediêre sorgfasiliteit geklassifiseer word en dat dit beide TB- en psigiatriese beddens het; kennis neem dat die totale projekkoste op R18,6 miljoen geraam is, wat voorsiening gemaak het vir die opknapping van die bestaande sale, Bergsig, Omega en Lusthof, en vir die verbetering van die sorgomgewing vir die huidige bedryfsvereistes vir geestesgesondheidsorg; kennis neem dat die totale oppervlakte wat opgeknap is ongeveer 3 740 vierkante meter is; kennis neem dat die Bergsig-saal voltooi is en die geskatte voltooiingsdatum van die Omega- en Lusthof-saal Januarie 2023 is; en die Departement van Gesondheid bedank vir die belegging in infrastruktuur vir die mense in ons landelike kiesafdelings en vir die feit dat hulle baie vir Nelspoort omgee.

Goedgekeur.

34. Me L M Maseko stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die ondertekening van ŉ Memorandum van Voorneme tussen die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement en die Beierse Staatsparlement verwelkom; kennis neem dat hierdie dokument groter uitruiling oor parlementêre beste praktyke sal toelaat sodat beide instellings hul rolle as wetgewers kan versterk, ook terwyl hulle toesighoudingswerk uitvoer; kennis neem dat, deur vennootskappe met verskillende belanghebbendes aan te gaan, ons pogings versterk word om die helesamelewingsbenaderings in die toekoms te bevorder.

Goedgekeur.

35. [13:33] TWEEDE ORDER

Oorweging van verslag van die Staande Komitee oor Landbou, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning oor die Wysigingswetsontwerp op Deeltitels (“Sectional Titles Amendment Bill”) [W 31B–2020] (NRVP), gedateer 9 September 2022 (sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 100, gedateer 9 September 2022, bl 411) (Bekragtiging van finale mandaat).

Stemverklarings namens die ANC, Al Jama-ah en DA.

Vraag gestel: Dat die verslag van die Staande Komitee oor Landbou, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning oor die Wysigingswetsontwerp op Deeltitels (“Sectional Titles Amendment Bill”) [W 31B–2020] (NRVP) aangeneem word.

Vraag goedgekeur.

Die verslag is dus aangeneem.

36. [13:41] DERDE ORDER

Oorweging van verslag van die Staande Komitee oor die Premier en Grondwetlike Aangeleenthede oor sy toesigbesoek aan die Wi-Fi-terreine by die kantoor van die Sentrum vir E-innovering (“Centre for E-Innovation” of CE-1) (Dorpstraat 4) en die Groote Schuur-hospitaal op 27 Julie 2022 (sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 102, gedateer 13 September 2022, bl 415).

Stemverklarings namens die ANC, Al Jama-ah en DA.

Vraag gestel: Dat die verslag van die Staande Komitee oor die Premier en Grondwetlike Aangeleenthede oor sy toesigbesoek aan die Wi-Fi-terreine by die kantoor van die Sentrum vir E-innovering ("Centre for E-Innovation" of CE-1) (Dorpstraat 4) en die Groote Schuur-hospitaal op 27 Julie 2022 aangeneem word.

Vraag goedgekeur.

Die verslag is dus aangeneem.

37. Die Huis verdaag om 13:45.

ROMEO ADAMS
Sekretaris van die Provinsiale Parlement